Verwysing: 20171101-6429
13/3/2
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0020/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Verpligte aanbieding van identifikasiedokumente ten opsigte van die registrasie vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in 2018**

1. Die Departement van Basiese Onderwys se aandag is daarop gevestig dat 'n groot getal leerders wat geregistreer het om die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 2016 te skryf, nie in staat was om geldige identifikasiedokumente en/of paspoorte aan te bied nie.

2. 'n Leerder wat registreer om die NSS-eksamen te skryf, sal vanaf Januarie 2018 verplig word om geldige identifikasiedokumente aan te bied. Versuim om hierdie dokumentasie te toon, sal daartoe lei dat leerders nie vir die NSS-eksamen in 2018 kan registreer nie.

2.1 Suid-Afrikaanse burgers moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitsdokument (ID) of slim-ID-kaart aanbied.

2.2 Immigrante (nie-Suid-Afrikaanse burgers) moet 'n paspoort **en** 'n geldige studiepermit aanbied.

2.3 Asielsoekers moet die tersaaklike dokumente van die Departement van Binnelandse Sake met 'n studiepermit aanbied.

3. Prinsipale word versoek om alle graad 11-leerders in kennis te stel sodat diegene wat nog nie in besit is van die vereiste amptelike dokumente nie, oor die volgende paar maande dit kan verkry.

**GETEKEN:** PAD BEETS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2017-11-10